



UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS

NUUSBRIEF – MEI 2007

Inhoud

1. Ekonomiese Kommentaar: 2006
2. Beleggings van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds
3. Fondskrediet
4. Derde Dimensie Polisse
5. IPFM
6. Begroting 2007 – Afskaffing van Aftredefondsbelasting
7. Alexander Forbes in die Nuus
8. Opdatering van Alexander Forbes Online
9. Benoemingsvorms, Voordeelstate en Projeksiestate
10. Trustees van die Fonds

1. Ekonomiese Kommentaar: 2006

Die jaar 2006 was sonder twyfel buitengewoon vir Suid-Afrikaanse finansiële markte. 'n Paar van die hoogtepunte van die jaar was die onderstaande:

- voortdurende hoë kommoditeitspryse, veral dié van platinum en basismetale;
- 'n rekord duur in opeenvolgende kwartaalike groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie;
- voortdurende lae rentekoerse;
- voortdurende volatiliteit van die wisselkoers; en
- verdere ongeëwenaarde prestasie vir die JSE – die indeks het vir die vierde opeenvolgende jaar gestyg en die jaar op rekord hoë vlakke geëindig.

Plaaslike Aandelemerk

Die tabel hieronder is 'n opsomming van die prestasie in die aandelemerk vir die een-jaar-tydperk geëindig Desember 2006 en Maart 2003, onderskeidelik. Die 2003-opbrengste is ingesluit om die dramatiese ommeswaai in aandelemarkte sedert 2003 en die volatiliteit van aandele opbrengste illustreer. Dit dien ook as 'n herinnering dat die huidige uitstekende prestasie een of ander tyd sal moet 'normaliseer'.

	31 Desember 2006	31 Maart 2003
FTSE/JSE Indeks van alle aandele	41,2%	-27,7%
FTSE/JSE Top 40-indeks	40,9%	-31,7%
FTSE/JSE Mediumaandele-indeks	43,1%	13,2%
FTSE/JSE Kleinaandele-indeks	44,1%	16,8%
FTSE/JSE Hulpbronne 20-indeks	44,0%	-33,3%
FTSE/JSE Industriële 25-indeks	40,7%	-35,0%
FTSE/JSE Finansiële 15-indeks	35,9%	-16,0%

Aandele het in 2006 uitsonderlik goed presteer, met die Alle Aandele-indeks (ALSI) wat 'n opbrengs van 41,2% vir die jaar gelewer het.

Die jaar 2006 is gekenmerk deur sterk prestasie deur al drie die primêre aandele sektore. Hulpbronaandele het 44,0% gelewer, gevolg deur industriële-aandele met 40,7% en finansiële-aandele met 35,9%. In die tweede helfte van 2006 het industriële-aandele en finansiële-aandele opmerklik gestyg, terwyl hulpbronaandele basies onveranderd gebly het.

In die lang termyn is aandele nog steeds die mees gesogte bateklas wat opbrengste betref. Oor die 10-jaar-tydperk geëindig Desember 2006, het die ALSI gemiddeld 17,3% per jaar gelewer, wat die gemiddelde hooflyn-inflasiesyfer van 5,4% per jaar oor hierdie tydperk wesenlik uitpresteer.

Plaaslike Eiendomsmark

Eiendomme was die bateklas wat die beste presteer het vir die jaar geëindig 31 Desember 2006, met 'n jaarlikse opbrengs van 50,9% op eiendomsaandele.

Plaaslike Vasterente-mark

Die Alle Effekte Indeks (ALBI) het 'n jaarlikse opbrengs van 5,5% vir die jaar gelewer. Die 3-jaar- en die 12-jaar-indeks (5,6%) het die beste presteer, gevolg deur die 3-7-jaar indeks (5,1%) en die 12+-jaar indeks (4,7%). Kontant het effekte uitpresteer, met opbrengste van 7,4% op die Korttermyn-Vaste Rentekoerse-Indeks vir die jaar geëindig 31 Desember 2006. Die meeste batebestuurders het aan die begin van 2006 korrek voorspel dat kontant effekte gaan oortref.

Buitelandse Markte

Soos plaaslike aandelemarkte, het buitelandse aandelemarkte goed gepresteer, met die MSCI-wêreldindeks wat 34,1% in rand gelewer het vir die jaar wat in Desember 2006 ten einde geloop het. Dit was gedeeltelik as gevolg van die swak Rand: die Rand het oor die loop van die jaar met 11,2% verswak en die opbrengs op die MSCI in Amerikaanse dollar was 20,7%.


Die internasionale effektemark (CITI World Global Bond Index) het vir dieselfde tydperk 18,0% in Rand terme gelewer, in vergelyking met 5,5% op plaaslike effekte.

2. Beleggings van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds

Die meeste van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF) se bates word in gebalanseerde markwaarde portefeuljes belê. Die batebestuurders wat deur die Trustees aangestel is om hierdie beleggingsportefeuljes te bestuur, is Allan Gray, Cadiz, Coronation en Investec. Lede sal onthou dat African Harvest 'n gedeelte van USAF se bates bestuur het. Cadiz het gedurende die tweede helfte van 2006 die grootste gedeelte van African Harvest bekom en die betrokke bestuurspanne en kliënte het ook na Cadiz oorgegaan. Die Fonds se internasionale bates word ten volle deur Allan Gray Orbis bestuur.

Op 31 Desember 2006 het die totale waarde van die Fonds se bates **R1 171 339 279** beloop. Dit vergelyk met bates van R946 854 690 op 31 Desember 2005, en weerspieël die goeie beleggingsopbrengs op bates gedurende 2006.

Portefeuljewaardes soos op 31 Desember 2006



Sedert 1 April 1999 het die Fonds die Investment Solutions FullVest-portefeulje as beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie vir lede naby aftrede gebruik. Met ingang November 2004 het die Trustees besluit om eerder die Investment Solutions Banker-portefeulje hiervoor te gebruik. Let asseblief daarop dat lede slegs vanaf ouderdom 53 van hierdie fasiliteit gebruik mag maak.

Op 31 Desember 2006 beloop die waarde in die Banker-portefeulje R38 924 826, en die waarde in die FullVest-portefeulje R9 160 021. Die tabel hieronder toon die netto opbrengs (ná bestuursgelde en aftreefondsbelasting) op hierdie twee portefeuljes vir die afgelope twee jaar.

	2006	2005
Investment Solutions Banker-portefeulje	6,44%	5,79%
Investment Solutions FullVest-portefeulje	24,34%	15,48%

Die prestasie van die batebestuurders in die USAF-portefeulje het op 31 Desember 2006 soos volg daar uitgesien (ná fooie, maar voor voorsiening vir aftreefondsbelasting):

	3 maande	1 jaar	3 jaar
African Harvest/Cadiz	11,7%	28,2%	30,9%
Allan Gray (Plaaslik)	16,1%	39,4%	35,5%
Coronation	15,6%	31,8%	33,4%
Investec	15,4%	27,5%	30,6%
SA LMW Mediaan	13,7%	31,0%	32,0%
SA Manager Watch Best Investment View boonste kwartiel	14,8%	31,7%	32,7%
Inflasie + 5%	1,7%	10,8%	9,3%

	3 maande	1 jaar	3 jaar
Allan Gray (Internasionaal)	-6,0%	20,0%	12,8%
Indeks-maatstaf*	-3,4%	29,2%	13,6%

* Maatstaf word bereken as 70% van die MSCI World Index en 30% van die Global Bond Benchmark. (Die Global Bond Benchmark is die geweegde gemiddeld van 40% Citi WGBI en 60% Lehman Global Aggregate.)

	3 maande	1 jaar	3 jaar
Totale fonds	11,2%	30,5%	29,9%
Global LMW-mediaan	10,8%	30,7%	29,9%

3. Fondskrediet


Volgens die reëls van die Fonds maak die Universiteit 'n maandelikse bydrae ten opsigte van die aftreevoordeel van elke lid (alhoewel die werkgewerbydrae in ag geneem word by die berekening van lede se totale salarispakket). Die minimum bydrae is 10%, maar addisionele bydraes kan ooreenkomstig die onderstaande skaal gemaak word:

Lidkategorie	Persentasie van fondssalaris (per maand)
A	0,0%
B	2,5%
C	5,0%
D	7,5%
E	10,0%

Lede kan jaarliks by die werkgewer vasstel aan watter bydrae-kategorie hulle behoort.

Lede se fondskrediet word direk deur die grootte van hulle bydraes tot die fonds en die beleggingsgroei wat daarop verdien word, bepaal. Beleggingsopbrengs word ook met aftreefondsbelaasting verminder voordat dit aan lede se voordele toegeken word. Die goeie nuus is dat aftreefondsbelaasting met ingang 1 Maart 2007 nie meer van toepassing is nie.

Die maandelikse beleggingsopbrengs wat deur USAF verdien word en in die vorm van 'n beleggingsindeks by lede se fondskrediete gevoeg word, word maandeliks op die Afdeling Menslike Hulpbronne se intranet-blad gepubliseer. Die onderstaande grafiek illustreer die netto maandelikse beleggingsopbrengste wat by lede se fondskrediete gevoeg is vir die tydperk 1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2006:



4. Derde Dimensie Polisse

Derde dimensie polisse is in die verlede aan lede gebied om sekere belastingvoordele wat met die oordragte uit die PGI-fonds (Pensioenfonds vir Geassosieerde Instellings) ontstaan het, te benut. Daar is 'n aantal lede met sodanige polisse by Sanlam, Ou Mutual en Investment Solutions, en hierdie lede kan hulle poliswaardes bekom deur gebruik te maak van die onderstaande webblaaie:

Lede met 3D-polisse by **Sanlam**:

Gaan na www.sanlam.co.za en klik op "Investment Funds" onder "Daily Prices". Klik dan op "Stratus". 'n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat in die kolom onder "Retirement Fund" aangegee word en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is, verskyn.

Lede met 3D-polisse by **Ou Mutual**:

Gaan na www.fairbairncapital.com en klik op “Products & Funds”, “Fund options”, “Price summary” en “Ifrontiers Local”. ’n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat in die kolom genaamd “Retirement Fund” aangegee word en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is, verskyn.

Lede met 3D-polisse by **Investment Solutions**:

Gaan na www.investmentsolutions.co.za. Klik op “LOGIN” heel links boaan die bladsy, en dan op “Individual Investor Login”. Tik dan u PIN-nommer en wagwoord in en klik op “Submit”. Dit sal u lei na ’n bladsy waarop u persoonlike poliswaarde uiteengesit is. Indien u egter nog nie voorheen u poliswaarde op hierdie webwerf nageslaan het nie, sal u Investment Solutions se Kliëntedienssentrum moet bel by 0860 001 750 of vir hulle ’n e-pos moet stuur na info@ishltd.co.za om u PIN-nommer en wagwoord te kry.

5. IPFM

Lede het moontlik al van IPFM (Integrated Personal Financial Management) of Geïntegreerde Persoonlike Finansiële Beplanning gehoor. Hierdie program word deur Alexander Forbes se Finansiëlebeplanningsafdeling bedryf. Die program het opvoeding van lede en voorbereiding vir aftrede ten doel.

In vastebydrafondse, soos USAF, dra die lid die risiko van swak beleggingsopbrengste. Dit is moeilik om die vlak van inkomste wat ’n lid by aftrede sal ontvang, te bepaal en ’n groot mate van betrokkenheid word van die lid verwag om vir aftrede te beplan.

Lede moet verstaan dat dit gevaarlik is om te glo dat, aangesien hulle aan hulle werkgewer se aftreefonds behoort, daar aan hulle aftreebehoefte voldoen sal word. Om die moontlikheid om finansiële doelwitte te bereik te verhoog, moet lede verstaan dat ’n aantal verskillende aspekte hulle finansiële sekuriteit beïnvloed. Dit sluit aspekte soos belastingbeplanning, beleggingsbeplanning en beleggingstrategieë, annuïteitsopsies by aftrede, lewensversekering, ongeskiktheidsdekking, mediese fondse, boedelbeplanning, ensovoorts in. Die voordele wat deur die aftreefonds voorsien word, moet saam met al hierdie ander aspekte in ag geneem word.

Ten einde lede se bewustheid en opvoeding te verbeter en om meer praktiese oplossings aan lede te verskaf, sluit die IPFM-program die onderstaande in:

- projeksiestate wat ’n aanduiding gee van die vlak van inkomste wat ’n lid kan verwag om by aftrede te ontvang;
- opleidingsessies wat die projeksiestaat in eenvoudige terme verduidelik;
- toegang tot die Alexander Forbes Inbelsentrum waar lede kontak kan maak met finansiële beplanners wat die projeksiestaat kan verduidelik en finansiële advies kan verskaf; en
- verdere opleidingsessies waarin ’n verskeidenheid persoonlike finansiële beplanningsonderwerpe gedek sal word.

Die projek is gedurende 2006 by die Universiteit bekend gestel en drie aanbiedingsessies is in Oktober/November gehou. Die aanbieders se terugvoering is dat die sessies goed bygewoon is, interaktief was en dat lede baie belangstelling getoon het. Verdere sessies sal in 2007 plaasvind en die besonderhede hiervan sal nader aan die tyd aan lede gekommunikeer word.

6. Begroting 2007 – Afskaffing van Aftreefondsbelasting

In sy begrotingstoespraak van 21 Februarie 2007 het Minister Trevor Manuel aangekondig dat aftreefondsbelasting, tans 9% van fondse se rente- en huurinkomste, vanaf 1 Maart 2007 afgeskaf word. Die afskaffing van dié belasting beteken dat die Fonds se opbrengs nie meer verminder sal word met die verhaling van aftreefondsbelasting nie, en dus sal lei tot 'n toename in lede se aftreevoorsiening.

Die afskaffing van aftreefondsbelasting is dus baie positief vir lede van aftreefondse aangesien dit 'n direkte invloed op die bedrag van hulle aftreevoordele sal hê.

Lede moet daarop let dat daar egter steeds belasting betaalbaar is op voordele wat lede by verlating van die Fonds ontvang.

7. Alexander Forbes in die Nuus

Lede sal moontlik bewus wees van die negatiewe publisiteit rakende Alexander Forbes Finansiële Dienste en hulle besigheidspraktyke wat die afgelope jaar in die pers verskyn het. “Bulking”, of die samevoeging van bankrekeninge, is 'n praktyk waarby Alexander Forbes met banke onderhandel om elke individuele aftreefonds se lopende rekening as deel van 'n groot groep te hanteer, met die doel om 'n beter rentekoers met die bank te beding.

Sonder die samevoeging van bankrekeninge verdien individuele aftreefondse geen of baie min rente. Die hoër rentekoers wat deur Alexander Forbes onderhandel word, is voordelig vir alle fondse, veral vir kleiner fondse waarvan die kontantbedrae gewoonweg geen of baie lae rentekoerse sal verdien. Alexander Forbes het egter oor 'n sekere tydperk fooie vir hierdie funksie verdien sonder om dit aan hulle kliënte te openbaar.

Bankrekeninge word steeds saamgevoeg omdat dit in kliënte se beste belang is, maar Alexander Forbes ontvang sedert Oktober 2004 nie meer enige vergoeding hiervoor nie.

Alexander Forbes het aangekondig dat die netto inkomste wat uit die praktyk gegenereer is aan die fondse wat daardeur geraak is, terugbetaal sal word. Die Universiteit van Stellenbosch Aftreefonds het Alexander Forbes se skikkingsaanbod aanvaar. Daar vind steeds samesprekings met die Raad op Finansiële Dienste plaas rakende die beste hantering van skikkingsbedrae. In die lig van die voortgesette gesprekke het die Trusteese ooreengekom om die besluit oor die aanwending van die skikkingsbedrag voorlopig uit te stel. Dit is egter belangrik dat lede daarvan bewus is dat die skikkingsbedrag gelyk is aan minder as 0,1% van die fondse se bates en dat dit gemiddeld op individuele lid vlak op baie klein bedrae neerkom. Lede sal oor enige verdere verwikkelinge in hierdie verband ingelig word.

8. Opdatering van Alexander Forbes Online

Alexander Forbes Online is ontwikkel om lede in staat te stel om via die internet toegang te verkry tot inligting en waardes van hulle fondskrediete, beleggings, versekering en verwante dienste en produkte. Die webwerf is onlangs verbeter en bied aan lede maklike navigasie, funksionaliteit en toegang tot relevante inligting en opvoedkundige materiaal. Lede moet registreer om toegang tot die webwerf te verkry. Meld eenvoudig aan by www.afonline.co.za en kies “register” vir toegang. U sal maklike stap-vir-stap-inligting vind wat u deur die proses sal lei.

9. Benoemingsvorms, Voordeelstate en Projeksiestate

Aangesien die omstandighede in 'n gesin kan verander, word alle lede aangeraai om gereeld hulle sterftevoordeelbenoemings na te gaan, en 'n nuwe vorm in te vul indien nodig.

Voordeelstate en IPFM-projeksiestate soos op 31 Desember 2006 word hierby aangeheg. Lede word versoek om hulle state noukeurig na te gaan.

Enige vrae in verband met benoemingsvorms of voordeelstate kan aan mnr Robert van Staden by 021 808 4822 of rwvs@sun.ac.za gerig word.

10. Trustees van die Fonds

Die onderstaande persone dien tans op die Raad van Trustees:

Werkgewerverteenwoordigers

Prof E Calitz

Prof JU de Villiers

Prof N Krige

Prof JF Smith

Mnr PG Steyn (Voorsitter)

Werknemerverteenwoordigers

Mnr WJ Adonis

Mnr L Burrows

Mnr PW Kloppers

Mnr BJ Mellor

Mnr AJ Schreuder

Mnr Ben Kotzé, die hoofbeampte van die fonds sedert 1 November 2005, het bedank. Mnr Japie Kotze van die Afdeling Menslike Hulpbronne is met ingang 1 Desember 2006 in sy plek aangestel.

Mnr Japie Kotze se kontaknommer is 021 808 2754.